**AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS**

**SONDAG 5 FEBRUARIE 2023**

# VYFDE SONDAG NÁ EPIFANIE

# GEMEENTE DAGBOEK

## GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

***Aanstelling van De Eike se orrelis***

## LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

**Matteus 5:21-37; Deuteronomium 30:15-20;**
**Psalm 119:1-8; 1 Korintiërs 3:1-9**

| **SONDAG, 5 FEBRUARIE** | |
|---|---|
| 09:00 | Oggenddiens ds Chris Barnardo<br>Doop<br>Deuroffer ten bate van: Radiokansel<br>Erediensspan 2 – Lorraine Louw |
| 09:00 | Kleuterkerk en Kinderkerk |
| Geen | Aanddiens |
| 18:00 | Senior Kategese |
| **MAANDAG, 6 FEBRUARIE** | |
| 19:00 | Sportmanne Bybelstudie |
| 19:00 | Vroue Bybelstudie |
| **DINSDAG, 7 FEBRUARIE** | |
| 09:30 | Senior Burger Bybelstudie |
| **WOENSDAG, 8 FEBRUARIE** | |
| 09:30 | Vroue Bybelstudie |
| 09:30 | Othello Bybelstudie |
| **DONDERDAG, 9 FEBRUARIE** | |
| 19:00 | Uitvoerende Kommissie vergadering<br>Sopbeurte: Jorina Botha, Riana Fick, Corra Kitshoff, Miemmie Myburgh, Ina van Niekerk, Ronel Williams |

| VRYDAG, 10 FEBRUARIE |
|---|
| 09:00 Gebedsbyeenkoms |
| **SATERDAG, 11 FEBRUARIE** |
| |
| **SONDAG, 12 FEBRUARIE** |
| BIDDAG VIR OPVOEDING EN ONDERWYS<br><br>09:00 Oggenddiens<br>Deuroffer ten bate van: Hugenote Kollege<br>Erediensspan 3 – Elsa Welman<br>09:00 Kleuterkerk en Kinderkerk<br><br>Geen Aanddiens<br>18:00 Senior Kategese |

# GEMEENTENUUS

1. Die volgende lidmaatskappe is ontvang:
   Jan en Ria Groenewald vanaf La Belle
2. Lisbé Swart (Du Toitstraat) se seun, Louis het Saterdag, 4 Februarie in die huwelik getree met Mariaan Mouton.
3. Jannie Carstens (Zevenzicht) het 'n draai in die hospitaal gemaak.
4. Elsie Els (Brackenfell) het 'n terugslag in haar gesondheid gehad. Sy ondergaan in die komende week 'n mediese prosedure.
5. Rynard en Jesica van As het 'n seuntjie ryker geword.
   Christo en Elize van As (Piet Fransmanstraat) is die trotse oupa en ouma.
6. Bid vir die gesondheid van Anna van Wyk (Voëlvry, Bottelary)
7. Die volgende baba word vanoggend gedoop:
   Alex de Kock, seuntjie van Wessel en Heloise de Kock. Kobus en Junita Neethling is die grootouers.



# VAN ALLES EN NOG WAT

1. Lizette Wilson is vanoggend ons orrelis.
2. Vakante pos by Sinodale kantoor in Bellville vir 'n **MULTI-MEDIA INHOUDSKEPPER**. Vir meer inligting sien kennisgewingbord of kontak kerkkantoor.
3. Proteahoogte Golfdag op Vrydag 3 Maart 2023. Sien kennisgewingbord vir volledige inligting.
4. **Basaarkonvenorsvergadering** vind plaas op 21 Februarie 2023 om 19:00 in die konsistorie. **Alle konvenors** van 2022 word versoek om die vergadering by te woon. Ds Johan Morkel - 0833988345

# VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

**Radiokansel (Radio Kaapse Kansel)**
Radiokansel en Radio Kaapse Kansel is 'n onafhanklike, transkerklike en transkulturele Christelike multimedia organisasie met die Goddelike opdrag om die evangelie van Jesus Christus hoofsaaklik aan alle Suid-Afrikaners te verkondig by wyse van hoë kwaliteit radio- en televisieprogramme, publikasies, die elektroniese media en uitreikaksies, met die doel om ongelowiges vir Christus te wen en gelowiges in hul Christelike geloof op te bou. Radio Kaapse Kansel kan op 729AM op DSTV Audiokanaal 882 geluister word asook op www.radiokansel.co.za, www.kaapsekansel.co.za en www.capepulpit.co.za Laai die toep (CAPEPULPIT) af en luister op jou selfoon.

Mnr Kosie Burger 082 784 5779 | 021 917-7000 | kaap@radiokansel.co.za
Webwerf: https://radiokansel.co.za

# VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

05/02 Pieter Gresse, Cleone Fourie, Magdeld Nel, Danie Esterhuyse(85), Yolande Laing, Ava en Iza Roux
06/02 Bettie Pieterse(81), Corrie Fritz, Annette Bester, Franja Bester, Suné Nel
07/02 Hennie van Zyl, John-Paul Goslett, Alana Jonas, Tiaan van Zyl, Kitty de Jager(87), Leandré, Kotze, Frikkie Herholdt, Kara de Wit
08/02 Abé Engelbrecht, Deon Herselman, Hannelie Viljoen, Ruhan Smuts, Rihan Swart
09/02 MC van Deventer, Christoff van Zyl
10/02 Johan Kotzé, Dupré Verster, Helene Booysen, Juvan Botha
11/02 Ruan Eksteen, Susan Langridge, Christian du Toit



# DE EIKE KOSMANDJIE

DIE KOSMANDJIE- is 'n projek van die Getuienisaksie, wat probeer om 'n positiewe verskil in ander se lewens te maak - Sy hande en voete te wees.

**Jy kan help deur op te let** na mense in jou omgewing: het hul 'n krisis of nood? Meld dit aan jou Blokleier, sodat die Kosmandjie-aksie kan intree.

**Jy kan ook help deur 'n bydrae te maak**: bring 'n liter langlewemelk of 'n blikkie kos of 'n pakkie koekies vir die Kosmandjie elke Sondag. Of doen 'n oorplasing en oormerk dit: KOSMANDJIE.

*Kom ons wees die sout, wat smaak gee aan die wêreld om ons!*

*Groetnis*
*DIE KOSMANDJIE*

# SOP VIR HAWELOSES

Aksie Samaritaan word bedryf deur verskeie kerke en gemeentes in Kuilsrivier. Deel van hul bediening is om elke dag sop te verskaf aan die haweloses in die dorp.

Ons gemeente se beurt is elke Donderdag. Die behoefte vir sop raak elke jaar groter. Ons is dus dringend op soek na nog gemeentelede wat kan help om sop te kook. Hoe meer kokers daar is, hoe minder gereeld kry elkeen 'n beurt.

Baie dankie aan almal wat reeds sop kook en bereid is om voort te gaan daarmee.

Indien jy ook geroepe voel om betrokke te raak, kontak gerus die kerkkantoor of vir Miemmie Myburgh by 079 509 4133.

# ORRELIS

De Eike is in biddende afhanklikheid van die Here op soek na 'n nuwe orrelis.
Diensaanvaarding is DV op 1 Maart 2023 of so spoedig moontlik daarna.
Volledige inligting van die pos is op die kennisgewingbord in die voorportaal beskikbaar, sowel as by die kerkkantoor.
Sluitingsdatum vir aansoeke is 6 Februarie 2023.

# GEMEENTETEE NA EREDIENS

Die kerkraad het tydens die November 2022 kerkraadsvergadering goedkeuring verleen dat ons as gemeente weer op 'n Sondagoggend na afloop van die erediens saam kan kuier rondom 'n koppie koffie of tee.

Carina Barnardo gaan weer, soos voor Covid, vir ons die voortou neem met die reëlings daarvan.

Voorlopig gaan dit een keer per maand gebeur, naamlik die tweede Sondag van elke maand. Die eerste geleentheid sal dus Sondag 12 Februarie 2023 wees.

Carina is op soek na helpers in die kombuis. Kontak haar gerus by 079 499 4895 as jy betrokke wil raak. Hoe meer helpers, hoe minder gereeld kry elkeen 'n beurt.

# JOURNEY OF GENEROSITY

‘n Eendagbyeenkoms wat fokus op die vreugde om met vrygewigheid te lewe.

‘n Kursus wat jou lewe, jou besigheid en die waardes wat jy aan jou kinders oordra, vir altyd gaan verander!

**Datum en Tyd:** Saterdag 25 Februarie 09:00 - 15:00

**Plek:** Heidekoppie - Die Gemeente met Oop Deure

**Koste: GRATIS!** Met **ligte middagete en tee/koffie ingesluit.**

**Bring saam:** Bybel, pen en baie gesels!

**Registrasie noodsaaklik**: Google vorms: https://forms.gle/6unNXQo2Cdo4BuQL6 of by Heidekoppie kerkkantoor (021 981 2690/ontvangs@heidekoppie.com)

**Navrae**: Gert Roberts by 082 879 8883

# PREEKSKETS



**TEMA – TAAL WAT ONS MOET AANLEER**

Prediker: Ds Chris Barnardo

Skriflesing: Matteus 5:13-20

1. **Inleiding.** Dit is goed om 'n tweede taal aan te leer. Sout en Lig is die taal van die Here. Dit is genade-taal. Die taal van hoop en liefde. En wanneer hierdie taal in aksie vertaal word, word dit die mooiste taal wat ooit gespreek word. Ons word geroep om sout en lig te wees en om hierdie taal te praat en te doen wanneer ons, ons geloof uitleef. Ons word geroep om God se Woord te leef. Want dit is die taal van die kerk van die Here Jesus.

2. **Dit is die taal van die kerk.** Met sout en lig sê Jesus wie die kerk is en wat die taal van die kerk is. Dit is nie iets wat die kerk moet wees of moet byvoeg as iets opsioneel nie. Nee, die kerk ís sout en die kerk ís lig. Dit is wie die kerk is. Dit is wie ons is. En wanneer ons ophou om sout en lig te wees, verloor ons ook ons identiteit.

3. **Wat moet ons doen?** Ons moet hierdie genade-taal aanleer en in ons programme en bedieninge inskryf. Hierdie taal van hoop en liefde moet De Eike se taak en roeping uitspel sodat ons in die wêreld gehoor en gesien kan word.

4. **Hoe lyk die wêreld?** In die Bergrede spreek Jesus sy seën uit oor die wat arm is, die wat treur, die sagmoediges, die wat honger en dors het, die wat vervolg word, die wat beledig word. Dit is die mense wat op Jesus en op ons radar moet wees. Dit is aan hierdie mense wat ons onverdunde liefde moet openbaar. Hierdie mense, die wat hartseer is en treur, die sagmoediges, hulle met hongerpyne, hulle wat vervolg en beledig word, dit is hulle wat moet proe dat ons eg is en dat ons ligte nie aan beurtkrag onderwerp is nie.

5. **Maar wees op jou hoede!** Indien ons nalaat om soos sout te wees vir die aarde deur nie die waardes van die koninkryk van die hemel uit te leef nie, of enigsins probeer inpas by die samelewing, maak ons onsself dwase of gekke in die oë van die wêreld. Dan verloor ons, ons krag, ons invloed, ons rol indien ons nie getrou bly aan ons getuienis nie. Lig kan doodgaan of verberg word. Wanneer dit gebeur, is dit net so goed soos om ons ware identiteit te verberg of selfs te verloor. Ons mag onsself nie onttrek aan die wêreld nie, maar ons moet wel waak teen vermenging met wêreldse waardes.

6. **Slot.** Wanneer ons hier in De Eike die Here se genade-taal praat en die sout van die aarde is, sal ons dapper, moedig en onverskrokke wees om die ligte vir die Here en sy mense aangeskakel te hou, ongeag die koste en die risiko's, sodat Sy werk nie afgeskeep, verwaarloos of verlore gaan nie.